

**Saterdag 23 Julie**

**Skrifgedeelte: Matteus 2**

**Fokusgedeelte: Matteus 2:5, 15, 17, 23**

**Jesus die Vervuller bewys God is in beheer**

Nie minder nie as vier keer word daar in hierdie hoofstuk daarna verwys dat die dinge wat met Jesus gebeur, die vervulling is van dit wat in die Ou Testament geprofeteer is. Hy is in Betlehem gebore, soos vroeër deur 'n profeet (Miga 5:1) geskryf is. Sy ouers moes met Hom na Egipte vlug waarvandaan hulle later teruggekeer het. Só is vervul wat die Here deur 'n profeet (Hosea 11:1) gesê het. Herodes wou Jesus laat doodmaak en so het talle seuntjies gesterf. Toe is die woord vervul wat die Here deur Jeremia (31:15) gesê het. Sy ouers het met Hom in Nasaret gaan woon. So is vervul wat deur die profete gesê is: Hy sal Nasarener genoem word.

Hieruit is twee dinge baie duidelik:

- Jesus is die Vervuller van die Ou Testament. Hy is die langverwagte Messias waarvan die Ou Testament profeteer.
- God is in beheer. Hy laat sy raadsplan eeue tevore deur profete aankondig en dan voer Hy self sy plan op sy tyd uit.

Ek kan dus hierdie jaar met vertroue in God tegemoet gaan. Ek het 'n Verlosser en my God is ten volle in beheer van my lewe en my toekoms! Alles wat op my pad gaan kom, is deel van sy fyn uitgewerkte raadsplan waarvan ek deel mag wees!

*Sing: Skrifberyming 32 (2-3):1,2*

*Dr. HPM van Rhyn (Malan) (Pretoria-Noord)*